Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 1, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

SACS na 1945. Na die Tweede Wêreldoorlog het, ook wat die SASK betref, 'n bykans tradisionele insinking gevolg. Daarna het 'n nuwe opwaartse beweging begin.

Waar, so het kol Mering in 1974 gevra, staan die SASK?
'Ons staan midde in ons volk, mag ons die genade van Bo ontvang om waarlik diensbaar te wees; laat ons besin en bo alles besluit om voorbereid te wees op alle gebeurlikhede — laat ons paraat wees.

Die Korps is ten spyte van al die moderne uitrusting steeds so goed en so effektief soos sy lede hom toelaat om te wees' (p. 101). Tenslotte, na hierdie boodskap, dan foto's uit die resente verlede van die SASK.

Dit is vanpas om nie alleen die samestellers geluk te wens met hul prestasie nie, maar ook 1 Militêre Drukeenheid.

Hierdie boek is teen R10 per eksemplaar by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria verkrygbaar.

**JAMES AMBROSE BROWN: Eagles strike. The campaigns of the South African Air Force in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar 1941-1943. Purnell and Sons, Cape Town, 1974. Pp. 488 (met illustrasies).**

Ons militêre geskiedskrywing met betrekking tot die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), en in die besonder waar dit ons daadwerklike aandeel in dié stryd betref, is dank verskuldig aan die toenmalige Eerste Minister, genl J. C. Smuts.

Nog tydens die oorlog, op 7 November 1943 het lg. die UVM se geskiedkundige adviserende komitee **(UDF Historical Advisory Committee)** in die lewe geroep met die doel om departementele en ander dokumente in te samel en 'n militêr-historiese reeks van wetenskaplike verantwoorde publikasies voor te berei.

Hierdie bedrywighede is in November 1945 onder die Kantoor van die Eerste Minister geplaas onder die benaming Unieoorlogsgeskiedenisseksie **(Union War Historical Section)**. Kol J. A. I. Agar-Hamilton het as hoofredakteur van publikasies opgetree en onder sy leiding, en met medewerking van 'n deel van sy wetenskaplike staf, het in die daaropvolgende jare die gesaghebbende werke **Crisis in the Desert** (1952), **The Sidi Rezeg Battles 1941** (1957), en **War in the Southern Oceans** (1961) verskyn.

Intussen was die bogenoemde komitee reeds in 1959 ontbind, terwyl die reeds genoemde seksie op 30 Junie 1961 gesluit en die versamelde argivalia mettertyd na die Staatsargief, Pretoria, oorgeplaas is.

Nog in dieselfde jaar het lt genl George E. Brink vir fondse gepleit om die werksaamhede te kan voortsit. Finansiële hulp uit die handels- en nywerheidswêreld, van oud-stryders-organisasies, die SA Weermag, die landsowerhede, die RGN en die publiek e.a. het gevolg. In Johannesburg het die Adviserende Komitee in verband met die Suid-Afrikaanse oorlogsgeskiedenis **(South African War Histories Advisory Committee)** tot stand gekom en daarna is besluit om die toenmalige en toekomstig beskikbare fondse aan te wend om aan twee navorser-skrywers, t.w. kmdt nou kol) N. N. D. Orpen en mnr James A. Brown, op te dra om nadat toestemming verkry is om die reeds genoemde argiewe te mag raadpleeg, die geskiedenis van die Unie se aandeel in die Oos-Afrikaanse veldtog (Oos-Afrika, Abessinië, 1940-1941) — onderskeidelik op land en in die lug — te boek te stel.

Op die wyse het, nadat die twee skrywers aan hul opdragte voldoen het, die reeks **South African Forces in World War II** sy verskyning gemaak.

Van die hand van Orpen het die publikasie **East African and Abyssinian Campaigns** (1968) verskyn, terwyl Brown se studie **A Gathering of Eagles** daarna die lig gesien het. Vervolgens het die eersgenoemde outeur sy **War in the Desert** (1971) voltooi. Brown se **Eagles Strike** (1974) is tans onder bespreking en dit is verblydend om te kan meedeel dat, met betrekking tot ons aandeel in die destydse krygsverrigtings in Italië, Orpen se **Victory in Italy** (pp. 340) sojuis beskikbaar gestel is.

Geleidelik word bogenoemde ideale dus verwesenlik en sal ons studente in militêre wetenskap en belangstellende oud-stryders en ander, sowel in ons eie land as elders, mettertyd in staat gestel word om 'n volledige en betroubare oorsig van ons militêre aandeel in die Tweede Wêreldoorlog te kan bestudeer en lees.

Met die oog op die buiteland is hierdie groeiende reeks 'n middel om meer algemene be-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 1, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

kendheid te gee aan ons militêre optrede tussen 1939 en 1945. Dit is nodig en wenslik. Ons troepe was, tot op divisievlak, onder eie bevelvoering, terwyl hulle verder onder Britse opperbevelhebbers geplaas was. Dit verklaar dat, tot die verskyning van Orpen se eerste werk, in verskillende publikasies die rol wat die Suid-Afrikaners aan die onderskeie fronte gespeel het, nie altyd ewe duidelik of volledig beskryf is nie.

**Die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) in Noord-Afrika**

Die taak wat die SALM tydens die Oos-Afrikaanse en Abessiniese veldtog (1940-1941) verrig het, kan enersyds gesien word as 'n voorbereiding vir die reusagtige taak wat, met insluiting van die krygsverrigtings ten opsigte van Kreta en Pantellaria, gewag het in een van die belangrikste operasionele gebiede van die toenmalige, wêreldomvattende oorlogstoneel. In Oos-Afrika en Abessinië het individuele optrede van lughelde dikwels verreikende gevolge gehad en was optrede in groepsverband in die lug feitlik uitsluitend bedoel as 'n onderdeel van die bedrywighede van die grondmagte met die lugstrydkragte as 'n beskermende sambreel.

In Noord-Afrika het die SALM, as 'n deel van die **Western Desert Air Force,** m.a.w. 'n **onafhanklike** militêre organisasie, opgetree wat in 'n kritieke tydperk in die oorlog, sy aandeel daartoe bygedra het dat die **Luftwaffe** en die **Regia Aeronautica,** sowel as die Duitse en Italiaanse grondmagte uit die wêrelddeel Afrika verdryf is.

Dat die SALM op die toppunt van sy sterkte, ongeveer 1/3 deel van die WDAF gevorm het, is ongetwyfeld 'n betroubare maatstaf van sy aandeel in hierdie worsteling.

In Maart 1941 het genl J. C. Smuts Suid-Afrikaanse land- en lugsteun aan sy bondgenote beloof. Op dié tydstip was die Britse krygskanse kritiek. Weliswaar het, in die vorige jaar die RAF 'n naelskraap-oorwinning in die lugslag om Brittanje behaal, maar ten opsigte van die land- en lugoorlog in Europa het die Duitse opmars voortgegaan. Duitse troepe het Griekeland beset en Kreta bedreig, in Noord-Afrika is gevorder, terwyl in Kreta, Sirië en Irak krisisse voor die deur gestaan het. Na die ontruiming van Kreta het die eerste SALM-vliegtuie beskerming verleen aan geallieerde troepeskepe wat na Alexandrië oorgekom het en op 8 Mei 1941 is No. 1 Eskader SALM gelas om, onder 252 Vleuel RAF, in die Westelike Woestyn op te tree. No. 24 Eskader SALM het, in die tweede helfte van Mei, teen Kreta opgetree, terwyl tewens gehelp is om die skeepvaartroete Tobroek-Alexandrië oop te hou.

In Julie en Augustus is belangrike besprekings in Londen gevoer om 'n taktiese lugmag daar te stel, om knelpunte tussen die lug- en grondmagte uit te stryk en om tot 'n stelsel van samewerking en integrasie tussen die twee genoemde magte te kom. Onder lugmaarsk (later hooflugmaarsk sir Arthur) H. W. Tedder sou die WDAF nie alleen die oorwinning tegemoet gaan nie, maar tewens die ideaal van onafhanklike bevelvoering bereik met — as vernaamste doelwit — die verwesenliking van die begeerde baasskap in die lug deur offensiewe militêre optrede.

In die tweede helfte van 1941 was hierdie toestand nog ver van die verwesenlikingstadium verwyder. Op dié tydstip was dit vasbyt, pogings aanwend om lug- en ander versterkings te verkry, probeer om verouderde vliegtuie te vervang, nuwe eskaders op sterkte te bring e.d.m.

In Mei-Julie 1941 het No's. 12, 21 en 60 Eskaders SALM aangekom en het die Suid-Afrikaners nou, met No. 24 Eskader SALM, oor 4 Marylandeskaders en vegtereskaders no 1 en no 2 beskik.
In Suid-Afrika het die lugmagopleiding op volle toere gedraai en in die Noorde het die SALM, in Oktober 1941 was daar 2 055 van hulle in Noord-Afrika, aan operasie 'Crusader' deelgeneem wat, ten spyte van sy doelstellings, in 'n terugtog vir die Agste Leër geëindig het. Daarna het die Gazala-episode gevolg en eers op 3 Julie 1942 is die aanvallers by El Alamein gestuit. Hierdie gebeurtenisse is in boek II (pp. 80-202) beskryf.

Op 3 Julie 1942 het vyf-en-twintig eskaders gereed gestaan agter die El Alamein-linie. Die strategiese lugmag is op 'n groot skaal aangewend en, na aanleiding van dié gebruik van die strategiese lugmag het veldmaarsk Rommel later opgemerk:

> 'In future the battle on the ground will be preceded by the battle in the air. This will determine which of the contestants has to suffer the operational and tactical disad-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 1, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

vantages . . . and thus be forced, throughout the battle, into adopting compromising solutions. In our case, neither of the conditions I have described were in the slightest degree fulfilled and we had to suffer the consequences' (p. 284).

Op 3 Julie 1942 het die DAF 770 krygsvlugte uitgevoer, waarvan 155 of rekening van no 3 (SA) Vleuel gekom het. Op 4 November 1942 het Rommel se terugtog begin: Eers van El Alamein na Agheila, daarna na Tripoli en vervolgens na Tunisië en in Mei 1943 die ontruiming van Afrika.

Sedert April 1941 het die SALM 33 971 krygsvlugte onderneem en meer as 400 vyandelike vliegtuie vernietig!

Die skrywer het daarin geslaag om hierdie gebeurtenisse nie alleen noukeurig nie, maar ook oorsigtelik te beskryf. In 'n kort beskouing soos bostaande is dit onmoontlik om aandag te gee aan die honderde feite wat hy, in verband met sy onderwerp, noem. Almal het betrekking op die optrede van die SALM in dae van voor- en teenspoed, in oomblikke van vreugde en smart. Dikwels word SALM-lede genoem, hul optrede beskryf en die wyse beskryf waarop hulle oorwin of gesterf het.

Van lugmaarsk. Tedder is die volgende getuienis afkomstig:

> 'Your boys, whether fighter pilots, bomber-crews, recce crews or those magnificent ground staff men who got so much of the work and too little of the glory, maintained an effort which, had I been asked before, I should have said was quite beyond the bounds of human endeavour' (p. 382).

## DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG OP MADAGASKAR

Waar hierdie veldtog, 'n uitvloeisel van die destydse Japanse bedreiging van die suidelike seeroete, wat die tyd betref met bogenoemde gebeurtenisse saamval, was dit vanpas om, in hierdie deel van die reeks, die rol van die SALM in dié verband te beskryf.

Reeds in Julie 1941 is, van Suid-Afrikaanse kant, op 'n lugverkenning van Diego Suarez aangedring, maar die Britse outoriteite het hulle nie verder aan dié versoek gesteur nie, maar — nadat in Februarie 1942 — die aanwesigheid van die Japanse skepe in dié hawe gerapporteer is, is nou op fotografiese lugverkenning aangedring.

In April 1942 het 'n Britse taakmag in Durban verskyn. Kol S. A. Melville is aangewys as bevelhebber van die lugmag wat 'n deel van die ekspedisie sou vorm en onder lt-kol (later genl-maj) J. T. Durrant se bevel was 35 vliegtuie en ongeveer 290 man personeel.

Die ekspedisie na Madagaskar was noodsaaklik want op 20 Mei 1942 het 'n Japanse vliegtuig oor Durban gevlieg . . .

Madagaskar is sonder ernstige verliese beset en tussen 13 Mei en 5 November 1942 het die SALM 401 krygsvlugte onderneem, drie lede verloor en die verlies van sewe vliegtuie geboek. Op hierdie noot eindig 'n waardevolle publikasie waarvan, as gevolg van verskeie faktore, die swaartepunt in Noord-Afrika lê.

Met belangstelling en vertroue kan die volgende dele van **South African Forces World War II** tegemoet gesien word.

JAN PLOEGER